



Vak: Graad 7 Afrikaans

Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 87 Punte

1. hondehok | sportklub | varswatervis

6 punte

Verduideliking:

Samestellings is die samevoeging van stamme wat elk 'n eie betekenis het sonder die gebruik van affikse. Sekere samestellings benodig 'n voegsel (verbindingsklank).

2. waar

2 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n sin net uit 'n onderwerp ("subject") en 'n gesegde ("predicate") bestaan, kry dit slegs een **nie**, byvoorbeeld:

onderwerp gesegde

Ek slaap nie.

3. nie meer | nie

4 punte

Verduideliking:

Sekere woorde verander in sinne wanneer dit in die negatiewe vorm geskryf word:

steeds word **nie meer**, soos in die sin:

- Hulle woon **nie meer** in Gauteng **nie**.

4. oefen | sodat

4 punte

Verduideliking:

Ná die **voegwoord** ("conjunction"), **sodat**, **verskuif** die **werkwoord** ("verb") na die **einde** van die sin.

5. B: maar verskillende betekenis het.

4 punte

Verduideliking:

'n **Homoniem** is een woord wat dieselfde klink, dieselfde gespel word, maar twee of soms selfs meer **betekenis** kan hê.

6. sinoniem | Sinoniem | sinonieme

3 punte

Verduideliking:

"Siek" en "ongesond" is sinonieme, want beide beteken dat die persoon nie gesond is nie.



7. papnat | papryp | papdronk

3 punte

Verduideliking:

As iets baie nat is=papnat. As iets baie ryp is=papryp.

8. waar

2 punte

Verduideliking:

Homonieme ("Homonymes") is woorde wat dieselfde klink, dieselfde gespel word en **verskillende betekenisse** het.

9. meer teleurgesteld | mees teleurgesteld

4 punte

Verduideliking:

Meer en mees kan **nie gebruik** word in woorde wat op die agtervoegsels **-er** en **-ste eindig nie**.

Die korrekte antwoord is dus:

Die seun is teleurgesteld, sy suster is **meer teleurgesteld**, maar sy ma is die **mees teleurgesteld**.

10. vroulik | verlede

4 punte

Verduideliking:

Basiswoorde ("root words") en agtervoegsels ("suffixes") vorm nuwe woorde, soos:

manlik	vroulik
sanger	sanger es
onderwyser	onderwyser es

Basiswoorde ("root words") en **voorvoegsels** ("prefixes") vorm nuwe woorde, soos:

teenwoordige tyd	verlede tyd
slaap	geslaap
lees	gelees

11. uitroep | uitroepsin

3 punte

Verduideliking:

'n Sin met 'n **tussenwerpsel** ("interjection") en 'n **uitroepteken** is 'n **uitroepsin** ("exclamatory sentence").

12. minimum

3 punte

Verduideliking:

Die maksimum en **minimum** temperatuur van elke dag word op televisie vertoon.



13. vaal | bleik

4 punte

Verduideliking:

Vaal en bleik is die gepaste homofone ("homonyms") vir die sin.

Faal beteken om nie te slaag nie.

- Die man het **gefaal** in sy poging om die haas te vang.

Blyk beteken dat iets so lyk.

- Dit blyk dat die son **nie** vandag **sal skyn nie**.
-

14. A: wolf.

4 punte

Verduideliking:

So honger soos 'n **wolf**.

15. A: Afkappingsteken

4 punte

Verduideliking:

'n Afkappingsteken word gebruik in die meervoudsvorm van selfstandige naamwoorde wat eindig op -i, -o, -u, en beklemtoonde -a.

16. waar

2 punte

Verduideliking:

Afleidings ontstaan wanneer ons die betekenis of funksie van 'n woord met voor- of agtervoegsels verander.

17. Figuurlik

3 punte

Verduideliking:

Figuurlike taalgebruik: Haar **lang vingers** maak dat ons maar altyd ons goedjies wegsluit.

Letterlike betekenis: Sy **steel**, daarom sluit ons altyd ons goedjies weg.

18. dubbelpunt

3 punte

Verduideliking:

Die **dubbelpunt** ("colon") word gebruik wanneer 'n **reeks dinge opgenoem word**, byvoorbeeld:

- Bring die volgende saam: jou swemklere, sonbrandmiddel, hoed, rugsak en gemaklike skoene.



19. B: hoë

4 punte

Verduideliking:

Daar is 'n **lang vokaal** hoog en die woord eindig op 'n **-g**, so dit word verbuig omdat dit **voor** die **selfstandige naamwoord** is - **hoog** berg word **hoë berg**.

20. A: selfstandige naamwoord

4 punte

Verduideliking:

Die **gesegde** van 'n sin kan bestaan uit:

- Hoofwerkwoord ("main verb") - Lanie **koop** 'n trui.
 - Koppelwerkwoord ("linking verb") - Lanie **is** klaar.
 - Hoofwerkwoord en hulpwerkwoord ("auxiliary verb"): Lanie **het** 'n trui **gekoop**. (het - hulpwerkwoord en gekoop - hoofwerkwoord)
-

21. waar

2 punte

Verduideliking:

'n Byvoeglike naamwoord word gebruik om 'n **selfstandige naamwoord** te beskryf.

Die woord, **stadig**, beskryf **hoe hy is** en **vergelyk** hom **met 'n slak**.

22. growwe | Die meisie se vel is grof in die winter, sy het dus 'n growwe vel en daarom moet sy room aansmeer.

3 punte

Verduideliking:

Na 'n kort vokaal wat op 'n **-f** eindig, verander die **-f** na 'n dubbele **-w**, bv. grof - **growwe**.

23. Eet | jou | kos | !

8 punte

Verduideliking:

Eet jou kos! Dit is 'n bevel, dus moet daar 'n **uitroepteken** wees.



24. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die **woordorde** vir die gebruik van **bywoorde** ("adverbs") in 'n sin is altyd:

- Bywoord van tyd ("adverb of time")
- Bywoord van wyse ("adverb of manner")
- Bywoord van plek ("adverb of place")

Die volgorde moet dus wees:

- Pa gaan die volgende dag (bywoord van **tyd**) per trein (bywoord van **wyse**) Kaapstad toe (bywoord van **plek**).

25. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Iets **verdwyn** soos 'n groot speld.

Totaal: 87 Punte

